**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**
**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**
**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**35% WATERBEPERKINGS \ 35% WATER RESTRICTIONS \ 35% UKUTSHATHWA KWAMANZI**



***Gebruik water spaarsaam. Elke druppel tel.***

***Use water sparingly. Every drop counts.***

***Ukusetyenziswa kwamanzi ngokukhawuleza, Wonke amanqaku okulahla.***

---

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 19 DESEMBER 2018 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mev. N Bothma | : | Direkteur Finansiële Dienste – waarnemend |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. D Alberts | : | Hoof: Rampbestuur |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitees |
| Me. V Julies | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN034/12/2018**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter open die vergadering met gebed, waarna hy almal by die vergadering verwelkom.

'n Spesiale verwelkoming word gerig aan die Munisipale Bestuurder wat terug is van siekverlof.

***

**BKN035/12/2018**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Bestuurder: Strategiese Dienste – verlof

***

**BKN036/12/2018**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie. Die Raadslede en Amptenare verklaar hulle kollektiewe belang ten opsigte van item BKA047.

***

**BKN037/12/2018**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN038/12/2018**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN039/12/2018**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededeling:

**LEED**

- Dat Pastoor Alida Lintnaar wat in die Piketberg gemeenskap werksaam was, oorlede is op Dinsdag 18 Desember 2018;

Die Uitvoerende Burgemeester reël 'n minuut van stilte om eer te betoon aan die familie.

Hy deel sy wens dat die Raadslede en Amptenare die feestyd met familie en vriende moet geniet en veilig terugkom na die feesseisoen.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededelings:

- Sy wens die Raadslede sterkte toe met die tussenverkiesing wat op Woensdag 16 Januarie 2019 plaasvind; en
- Sy wens die Raadslede 'n Geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 toe.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN040/12/2018**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN041/12/2018**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN042/12/2018**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN043/12/2018**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Geen

***

**BKN044/12/2018**
**EPWP (EXPANDED PUBLIC WORKS PROGRAMME)**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en spreek sy bekommernis uit oor EPWP-werkers in die algemeen wie se betalings van salaris vanaf weekliks na 2 weekliks geskuif het, asook 'n klagte wat hy ontvang het rakende spesifieke betalings.

Die Munisipale Bestuurder bevestig dat slegs een werker se betaling onafgehandel is, aangesien die werker se werkskontrak nie geteken is nie.

Voorts verduidelik die Munisipale Bestuurder die proses oor waarom die salaris vanaf weekliks na twee weekliks geskuif het.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

Dat Bergrivier Munisipaliteit die EPWP-werkers weekliks betaal.

***

**BKN045/12/2018**
**RAMPBESTUUR**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Aanvullende kommentaar word gelewer deur die Direkteur Gemeenskapsdienste.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat die Raadslede en publiek voorsien word van noodnommers van personeellede wat op bystand is om kommunikasie te vergemaklik.

Verder spreek die Uitvoerende Burgemeester sy bekommernis uit rakende die onderstaande kwessies:

- Kommunikasie tussen Rampbestuur en Behuising;
- Dat die Hoof: Rampbestuur fisies na elke brand uitgaan;
- Dat die boubeheer-afdeling toesien dat onwettige hokke/strukture nie plaasvind nie;

Die Direkteur Gemeenskapsdienste bevestig dat daar goeie kommunikasie is tussen Rampbestuur en Behuising.

**BESLUIT**

1. Dat die Hoof: Kommunikasie die noodnommers van Bergrivier Munisipaliteit sirkuleer aan amptenare en op Sosiale Media plaas; ***HOOF: KOMMUNIKASIE***
2. Dat die opgedateerde Skematiese Plan voorgelê word by die volgende Gemeenskapsdienste Komitee vergadering en daarna aanbeveel word aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee; en
3. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste 'n verslag aan die Raad voorlê met betrekking tot Rampbestuur, wat insluit: ***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***
   - Hoeveelheid van brande wat plaasgevind het;
   - Watter amptenare opgedaag het op die toneel;
   - Wat die koste implikasie is ten opsigte van brande; en
4. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste kwotasies aanvra by Weskus Distriksmunisipaliteit vir dienslewering binne Bergrivier Munisipaliteit.

***

**BKN046/12/2018**
**BESPREKINGS VAN SALE**
**9/1/2**
***('n Verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Uitvoerende Burgemeester stel voor dat 'n skrywe aan die Stasie-Kommisaris in Velddrif gestuur word, spesifiek oor die gebeure vir Oukersaand, oor hoe die sale in Velddrif hanteer word en dat die kommunikasie tussen die huurder en Amptenaar wat sale hanteer opgeskerp ***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

word.

Die Munisipale Bestuurder stel voor dat die Direkteur Korporatiewe Dienste die Salebeleid werkswinkel met die personeel wat die huur van sale hanteer.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

**BESLUIT**

1. Dat die saak terugverwys word na die Munisipale Bestuurder en Direkteur Korporatiewe Dienste vir afhandeling van die administratiewe aangeleentheid;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeester bedank word dat hy die klagte vanaf die SAPD na die Administrasie verwys het vir afhandeling daarvan;
3. Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste kennis neem van die bewering dat die sale in Velddrif en Noordhoek nie konsekwent volgens die goedgekeurde beleid bedryf word nie; en dat die Direkteur Korporatiewe Dienste dit onmiddellik regstel en spesifiek die verhuring van Noordhoek Gemeenskapssaal vir Oujaarsaand opvolg en toesien dat dit 100% volgens die goedgekeurde beleid hanteer word.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

4. Dat die Huurder in kennis gestel word dat daar vir verlengde ure aansoek gedoen moet word by die Munisipale Bestuurder vir oorweging; en
5. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste twee wetstoepassingsbeamptes oormerk om op Oujaarsaand verantwoordelikheid te neem vir die afsluit van die funksie, toemaak van die saal en die ontvangs van die sleutels op die toegelate tyd en dat die Direkteur Gemeenskapsdienste met die SAPD in Velddrif skakel oor sigbare polisiëring rondom Noordhoek Gemeenskapssaal op Maandag 31 Desember 2018.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN047/12/2018**
**AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD: DEERNIS DEBITEURE**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking en spesifiek die besluit wat deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geneem is op Donderdag 17 Mei 2018.

Die Munisipale Bestuurder bied verskoning aan namens die Finansiële Dienste Direktoraat dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee-besluit nie uitgevoer is nie.

Voorts deel die Munisipale Bestuurder die Uitvoerende Burgemeesterskomitee mee dat daar wel twee opsies is om die opdrag spoedig uit te voer, naamlik deur die Phoenix Stelsel, of alternatiewelik deur die inkomste-span te gebruik om handtransaksies te prosesseer (indien eersgenoemde nie spoedig moontlik blyk te wees nie).

Ten slotte meld die die Munisipale Bestuurder dat die implementering voor Maandag 24 Desember 2018 afgehandel sal wees en deurgegee word aan die Portefeulje Voorsitter van die Finansiële Dienste Komitee.

**BESLUIT**

1. Dat alle deernis debiteure se skulde afgeskryf word soos op 19 Desember 2018 en in lyn met die Uitvoerende Burgemeesterskomitee-besluit van 17 Mei 2018.
2. Dat waar 'n huishouding vir die eerste keer deur die Munisipaliteit goedgekeur is as 'n deernis-huishouding, die volle agterstallige rekening afgeskryf word.
3. Dat kredietbeheermaatreëls maandeliks streng toegepas word, en 'n verslag oor inkomste-bestuur (insluitende debiteure, afskryf van agterstallige skuld en innoverende strategieë tot debietbestuur) maandeliks aan Direksie voorgelê word vanaf Februarie 2019.
4. Dat alle deernis-huishoudings geprioritiseer word om 'n voorafbetaalde elektrisiteitsmeter te hê.
5. Dat `n verslag van alle deernis-huishoudings wat nog nie voorafbetaalde elektrisiteitsmeters het nie, aan die Munisipale Bestuurder voorgelê word en dat dit deurgegee word aan die betrokke wyksraadslede soos benodig.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN048/12/2018**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN049/12/2018**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN050/12/2018**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD:**

Geen

***

**BKN051/12/2018**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN052/12/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN053/12/2018**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:15***

***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ______________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***